Sing vooraf staande: Psalm 147:5 (p. 707)

5 Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.
Hy seen jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:5 (p. 245)

5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 66:6 (p. 321)

6 Ek sal, verlos uit doodsgevare, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Skriflesing: Romeine 5

Teks: Romeine 5:6-9; Kategismus Sondag 16

Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. (Romeine 5:6-9 AFR1953)

Dis wonderlik om die blinkende genade van God te hoor! Hy het ons in Christus gered – toe ons nog sondaars was!

Hierdie redding deur die Here Jesus Christus het gebeur toe die Here Jesus vir ons kom sterf het!

Kom ons kyk na onsself – elkeen van ons blaai deur sy eie sondige lewe – en kyk of daar iets besonder goeds in ons is waarom die Here juis vir ons sou sterf.

- Iemand wat iets gaan kry wat hom laat dink hy/sy is wonderlik genoeg dat die Here spesiaal vir hom/haar sal sterf, moet onmeetbaar verwaand wees.
- Elke mens op hierdie aarde se sondes maak hom strafwaardig voor die Here. Almal van ons doen dinge wat skadelik is vir die eer van die Here.
- Ons almal het oomblikke en tye wanneer ons dinge doen en sê wat baie ver van die Here se heiligheid af is.

Die waarheid is dat die heiligheid van God bitter min sal verloor as ons nie daar is nie of as ons verdelg sou word.

Dit is dan presies hier waar die genade van God inpas:

- Die Here Jesus sterf nie vir mense wat heilig voor God se troon staan nie (dan het hulle in elk geval nie ’n Verlosser nodig nie!).
- Hy sterf vir sondaars – vir mense wat baie keer in hulle lewe eintlik goddeloos is.

Dis genade:

- Die Here Jesus sterf vir sondaars om hulle totaal van wese te verander!
- Hy gryp deur sy soendood met die kragtige werking van sy Gees in hulle lewens in en Hy verander hierdie sondaars in kinders van God.

Was al die opoffering regtig nodig gewees? Voor die sondeval het die Here in duidelike en mooi verstaanbare woorde vir Adam belowe wat van hom en sy nageslag gaan word as hulle nie luister na sy bevele nie:

> **maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.** (Genesis 2:17 AFR1953)

Ons sal verseker **sterwe**!

Met die hele stukkie omgang tussen die duiwel en Eva het ons mensdom toe mos op ’n nuwe en dodelik slegte pad beland!

- Die Here het die gevolge van die sondeval baie duidelik uitgespel toe Hy net daarna vir Adam gesê het:

  > **Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.** (Genesis 3:17 AFR1953)

Vervloek is die aarde! – ons is deel van die aarde. Ons is dus van toe af deel van die vloek van God! (Nogals self verwerf!)

Daarom is hierdie verlossing deur die Here Jesus Christus uiters noodsaaklik. In die straf wat Hy gedra het, is ons verlossing voor God en deur God bewerk. In die Romeinebrief staan dit in bietjie moeilike taal baie duidelik geskryf:

> **Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees, deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.** (Romeine 8:3, 4 AFR1953)

Dink net weer wat die Here Jesus aan die kruis gedoen met sy oorwinning oor die dood.

- Hy het die dood en die mag van die dood tot niet gemaak.

- Daarom verkondig Hy dat elkeen wat in Hom glo nooit verlore sal gaan nie.

  En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. (Johannes 10:28 AFR1953)
- Daarmee bedoel die Here Jesus dat hulle sal lewe tot in alle ewigheid.
- Dit is ook wat ons bedoel as ons in ons belydenis sê dat die Here Jesus ons lewe *verlos van die verderf.*

Die dood het nou eintlik vir die gelowige ’n dienskneg geword.

- Die dood begelei ons uit die wêreld van sonde uit en laat ons tuiskom in die genade van God se ewige koninkryk.
- Die dood sorg dat ons alles agterlaat wat ons verbied om die Here in volmaaktheid te dien.

In die proses van liggaamlik sterf en weer liggaamlik opstaan uit die dood en om daarna opgeneem te word in God se heerlikheid, gaan die Here Jesus ons voor.

- Inderdaad anders, want Hy gaan nie dood nie. Hy lê self sy lewe af.
- Daarom bely ons die dood en begrafnis van die Here Jesus.
  - Dis enersyds ’n erkenning van die historiese feit,
  - maar andersyds is dit ’n deel van ons geloof.

Met die opstanding uit die dood – nadat ons die begrafnis van die Here bely het – is ons belydenis inderdaad ’n lig wat aangeskakel word in die graf en wat dan die donker van die dood helder verlig.

Dis ’n belydenis wat die duiwel in sy swakheid en beperktheid tot op die been blootlê.

Daarmee bely ons dat die fisiese dood van ons Here ewige Geestelike vrugte dra.

- Die duiwel het gedink dat die vrugte van die sonde vir ewig blywend is – en dit is ook waar dat dit so is vir die wat die Here Jesus nie ken en bely nie.
- Maar die Here Jesus se dood het die straf van God oor die wat Hom bely as God en Verlosser weggeneem.

Natuurlik sal ons stryd op die aarde teen die duiwel aangaan. Hy sal geen steen onaangeroer los as hy ons enigsins kan seermaak en van God vervreem nie. Hy sal tot op die laaste oomblik probeer om ons te verlei.

Maar groter as hy en sy aanslae is die verlossing waarmee die Here ons van die dood en die duiwel vrymaak.

Kom ons kyk wat leer ons Belydenisskrifte van al hierdie dinge in die Heidelbergse Kategismus Sondag 16:

> ***Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?***
>
> ***Antwoord:*** *Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).*
> *(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.*

Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: *Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).*
(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: *Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).*
(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: *Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).*
(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: *Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.*
(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46 Heb 5:7

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 89:17 (p. 448)

17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde / na u beloftenis, aan Dawids huis verbonde.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 29 Mei 2011